© Kopiereg

Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Afrikaans 2 *(Eerste Addisionele Taal)* – Graad 6

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt– of swart kokipen** te gebruik. *(Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.)* Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. *(Sien voorbeeld 1 hieronder.)* Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(Sien voorbeeld 2 hieronder.)*

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	●	d

Voorbeeld 2:-

4.	a	●	~~●~~	d

Lees die leesstuk en beantwoord die vrae noukeurig op die antwoordblad.

Bobaas-kok: Josh Thirion



Josh Thirion is Suid-Afrika se jongste gepubliseerde kok en sy boek "*Kook met Josh: resepte en speletjies vir kinders*" is 'n reuse sukses. Dié kookboek het verskyn toe hy net tien jaar oud was. Hy werk nou hard aan sy tweede boek.

Josh het al 'n verhoog gedeel saam met legendes soos sjef Benny Masekwament van Meestersjef SA en internasionale sterre soos Buddy Valastro en Whitney Miller van die eerste Meestersjef VSA-reeks. Sy boek is ook deur die moeilike Gordon Ramsey geëndosseer. Sy boek is so goed ontvang deur die publiek en die internasionale kookkringe dat hy die *Gourmand Cookbook* toekenning in Parys vir die beste kinderkookboek in die wêreld ontvang het – en dit alles voor sy 11de verjaarsdag.

Hierdie seun se loopbaan het begin met teken. Sy ma Lynn sê: "Ons het een aand Meestersjef Australië gekyk – een van ons gunsteling-programme. Josh, wat mal is daaroor om te teken, het 'n strokiesprent geteken van iemand wat kook. Josh was nege en wou iets maak en verkoop vir die Mzanzi Magic Mark. Sy pa het voorgestel dat hy 'n kookboek met sy strokiesprente maak." Dis wat Josh gedoen het en sy stalletjie is aangewys as die beste uit 400 stalletjies op die mark. Nie te lank daarna nie is hy genader om sy kookboek te publiseer.

Josh hou daarvan om ou gunsteling-resepte te maak, maar met sy eie variasie. Sy ma help hom met navorsing, toetsing en ontwikkeling van sy resepte. Hy maak graag individuele herderspastei. Josh se gunsteling-bestanddele is tamaties, uie, knoffel en sjokolade. Hy is baie lief vir soetgoed.

Die eerste Oktober 2013 het Josh elf geword. Net soos enige ander amper-tiener het hy Spur toe gegaan saam met sy maats, daarna gaan fliek en toe gaan inkopies doen met sy verjaarsdaggeld. Hy het 'n nuwe X-boks speletjie en aksiefigure gekoop.

Josh gaan tuis skool en woon die *Chefs Training and Innovation Academy* in Oude Westhof, in Bellville by. Hy studeer onder sjef Morné Stroh. (verwerk uit http://kitchen.net/blog/captain-cook-josh-thirion/)

1. **Die titel van Josh Thirion se boek is ……**
   (a) Bobaas-kok: Josh Thirion.
   (b) Gourmand Cookbook.
   (c) Kook met Josh: resepte en speletjies vir kinders.
   (d) Chefs Training and Innovation Academy.

2. **Voltooi: *Josh se boek is ……***
   (a) baie suksesvol .
   (b) nie te suksesvol nie .
   (c) suksesvol.
   (d) so-so.

3. **Josh is 'n ……**
   (a) tiener. (b) baba. (c) kleuter. (d) kind.

4. **'n Sinoniem vir die woord *'sjef'* is ……**
   (a) kook. (b) kok. (c) koek. (d) kokke.